# STAD KAAPSTAD SE GOEDGEKEURDE BEGROTING VIR 2026/27, DIE GOEDGEKEURDE HERSIENING VAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP), EN GOEDGEKEURDE WYSIGINGS AAN DIE GOP 2022-2027 (WYSIGINGS VIR 2026/27), WAT VERANDERINGE AAN DIE KORPORATIEWE EN MUNISIPALE ENTITEITE SE TELKAARTE EN DIE TELKAART INGEVOLGE OMSENDSKRYWE 88 (C88) INSLUIT

Kennis geskied hiermee ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000; die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003; en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, dat die Stad se goedgekeurde hersiening van die geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP), goedgekeurde wysigings aan die GOP 2022-2027 (wysigings vir 2026/27), waaronder veranderinge aan die korporatiewe en munisipale entiteite se telkaarte én die telkaart ingevolge C88, wat toepaslike kernprestasieaanwysers en prestasiemikpunte vir die munisipaliteit bepaal en hersien, en die goedgekeurde begroting vir 2026/27 (wat begrotingsverwante beleide insluit), beskikbaar is by die munisipaliteit se hoofkantoor, munisipale biblioteke en alle subraadskantore.

Die dokumente kan ook bekom word op ons webtuiste by www.capetown.gov.za/budget.

Die volgende tabel dui die plekke aan waar die goedgekeurde GOP-hersiening en -wysigings en die goedgekeurde begroting ter insae lê:

| | |
|---|---|
| Subraadskantore | Klik op: web1.capetown.gov.za/web1/councilhubonline/subcouncilmanagers |
| Alle biblioteke | Klik op www.capetown.gov.za/libraries |
| Kaapstad | Wandelvlak, Burgersentrum, Hertzog-boulevard, Kaapstad |
| Suid-Skiereiland | Munisipale kantore, h.v. Hoof- en Victoriaweg, Plumstead |

LW: Inligting wat hier voorsien word, is 'n uittreksel uit die goedgekeurde boek van tariewe, fooie en heffings. Vir die volledige weergawe, raadpleeg bylae 6 by die goedgekeurde begroting vir 2026/27. Die tariewe vir die raamwerk vir mediumtermyn-inkomste en -uitgawes (MTREF) vir 2026/27 word met 15% BTW bereken.

## 1. EIENDOMSBELASTING (weergegee as koers in die rand):

Die koers in die rand word met die munisipale waardasie van die eiendom vermenigvuldig om die jaarlikse belastingaanslag te bereken, onderworpe aan die vrystellings, verlagings en kortings waarvoor die beleid oor eiendomsbelasting voorsiening maak, en het 'n nulbelastingkoers vir BTW.

| | EIENDOMSKATEGORIEË | KOERS IN DIE RAND |
|---|---|---|
| 1.1 | Residensiële eiendomme | 0,007010 |
| 1.2 | Sake- en kommersiële eiendomme | 0,016910 |
| 1.3 | Industriële eiendomme | |
| 1.4 | Mynbou-eiendomme | |
| 1.5 | Eiendomme wat deur 'n staatsinstelling besit en vir openbare dienste gebruik word | |
| 1.6 | Diverse eiendomme | |
| 1.7 | Onbeboude grond | 0,014020 |
| 1.8 | Landbou-eiendomme | 0,001402 |
| 1.9 | Openbare diensinfrastruktuureiendomme (Die Stad sal geen belasting hef op die eerste 30% van die markwaarde soos op die waardasielys nie.) | 0,001753 |
| 1.10 | Eiendomme wat deur 'n openbarevoordeelorganisasie besit en vir aangewese openbarevoordeelaktiwiteite gebruik word | |
| 1.11 | Eiendomme in 'n organisasie se besit – sonder winsoogmerk en gebruik vir spesifieke aktiwiteite | |
| 1.12 | Eiendomme in besit van 'n instelling vir maatskaplike behuising of 'n ander leweringsagent wat by die reguleringsowerheid vir maatskaplike behuising (SHRA) geakkrediteer is, en wat vir maatskaplike behuising gebruik word | |
| 1.13 | Eiendomme wat deur 'n godsdienstige gemeenskap besit en vir aangewese godsdienstige doeleindes gebruik word | |
| 1.14 | Eiendomme wat vir veelvuldige doeleindes gebruik word | Per toekenning |
| 1.15 | Begraafplase en krematoriums | 0,000000 |
| 1.16 | Eiendomme in 'n organisasie se besit – sonder winsoogmerk en gebruik vir diereskuilings | |
| 1.17 | Eiendomme in 'n organisasie se besit – sonder winsoogmerk en gebruik as 'n plaaslike gemeenskapsmuseum | |
| 1.18 | Natuurbewaringsgrond | |

1.19 Die bruto maandelikse huishoudelike inkomstekategorieë en kortings vir die boekjaar 2026/27 ten opsigte van eienaars wat vir hulle bestaan op pensioen- of maatskaplike toelaes staatmaak, is soos in die volgende tabel:

| 2026/27 | | |
|---|---|---|
| BRUTO MAANDELIKSE HUISHOUDELIKE INKOMSTE | | % KORTING |
| 0 | R10 000,00 | 100% |
| R10 001,00 | R14 000,00 | 90% |
| R14 001,00 | R16 000,00 | 80% |
| R16 001,00 | R18 000,00 | 70% |
| R18 001,00 | R19 000,00 | 60% |
| R19 001,00 | R20 000,00 | 50% |
| R20 001,00 | R21 000,00 | 40% |
| R21 001,00 | R22 000,00 | 30% |
| R22 001,00 | R24 000,00 | 20% |
| R24 001,00 | R27 000,00 | 10% |

1.20 Wat betref residensiële eiendomseienaars wat op pensioene staatmaak, moet die aansoeker ten minste 60 jaar oud wees, of indien die eienaar gedurende die jaar 60 word, sal die korting op 'n pro rata-grondslag toegestaan word vanaf die datum waarop die aansoeker 60 word.

1.21 Die Stad het 'n verlaging van R605 000,00 (seshonderd-en-vyfduisend rand) vasgestel wat van toepassing sal wees op eienaars van residensiële eiendomme wat as 'n primêre woonplek gebruik word en 'n markwaarde van minder as R8 000 001,00 (agtmiljoen-en-een rand) het.

## 2. VERBRUIKSTARIEWE EN -HEFFINGS

Water, sanitasie, elektrisiteit en stedelikeafvalbestuur word teen 15% BTW belas.

### 2.1 WATER EN SANITASIE

Ná die hooggeregshof se uitspraak oor die gebruik van eiendomswaardekategorieë om vaste basiese heffings toe te ken, moes 'n alternatiewe meganisme gevind word om kliënte die infrastruktuurkoste te laat deel. Die Stad keer dus terug na die vorige kriterium van nominale boring, wat met metergrootte verband hou. Soos met nie-huishoudelike eiendomme, sal dié kriterium van toepassing wees op vaste tariewe vir water sowel as sanitasie. Aangesien die vaste basiese heffings nou verlaag, is verbruikstariewe vir groot verbruikers hoër as in die begroting wat in Maart voorgelê is.

Vyf tariefvlakke is vir die boekjaar 2026/27 goedgekeur. Die goedgekeurde tariewe strook met die geskatte verbruiksvlakke. Die gemiddelde goedgekeurde styging bly 4,5% op die (onbeperkte) waterslimvlak (vir inwerkingtreding vanaf 1 Julie 2026) sowel as op vlak 1, 2, 3 en die noodvlak. Nietemin beteken die vereiste verandering in die tariefstruktuur dat individuele kliënte 'n wisselende impak op hulle water- en sanitasierekeninge sal ervaar.

Tariefstygings hou hoofsaaklik verband met die versekering van volhoubare en veerkragtige watervoorsiening; begrotingsvoorsiening vir die nuwe waterplan (waaronder inisiatiewe vir verdere investering in ondergrondse onttrekking uit waterdraers, en in hergebruikskemas); opknappings en uitbreidings van afvalwatersuiweringsaanlegte; deurlopende investering in bate-opknapping en baterehabilitasie om aan voorgeskrewe standaarde te voldoen; deurlopende investering in batevervangingsprogramme om behoorlike batebestuur te verseker, met 'n bepaalde klem op riool- en waternetwerkvervanging en die opknapping van rioolpompstasies; watervraagbestuursinisiatiewe om die gebruik van waterhulpbronne te optimaliseer; die handhawing en versterking van instandhoudingsprogramme; en water- en sanitasievoorsiening op gepaste voldoenings-, vermoë-, vaardigheids-, dienslewerings- en responsiwiteitsvlakke. Daar moet ook voorsiening gemaak word vir die uitstryking van tariefverhogings sodra die bykomende bedryfskoste vir groot nuwe hulpbronprojekte in werking tree.

Hier onder is die goedgekeurde watertariewe op die (onbeperkte) waterslimvlak vir 2026/27 wat op 1 Julie 2026 in werking tree:

| 2026/27 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| VERBRUIKSTARIEWE | | | | | |
| | | TOTAAL SONDER BTW | TOTAAL MET BTW | TOTAAL SONDER BTW | TOTAAL MET BTW |
| RESIDENSIËLE VOLUMETRIESE TARIEWE - van toepassing op volledig huishoudelik sowel as huishoudelike groep | | | | | |
| | | DEERNIS/AGTERPLAAS | | NIE-DEERNIS | |
| Trap 1 (0 ≤6 kℓ)* | Per kℓ | 0.00 | 0.00 | 21,78 | 25,05 |
| Trap 2 (>6 ≤10,5 kℓ) | Per kℓ | 0.00 | 0.00 | 29,93 | 34,42 |
| Trap 3 (>10,5 ≤35 kℓ) | Per kℓ | 0.00 | 0.00 | 47,48 | 54,60 |
| Trap 4 (>35 kℓ) | Per kℓ | 0.00 | 0.00 | 95,63 | 109,98 |
| RESIDENSIËLE VASTE BASIESE TARIEWE - van toepassing op volledig huishoudelik sowel as huishoudelike groep | | | | | |
| 12 mm | Per meter per maand | 0,00 | 0,00 | 90,13 | 103,65 |
| 15 mm | | 0,00 | 0,00 | 90,13 | 103,65 |
| 20 mm | | 0,00 | 0,00 | 90,13 | 103,65 |
| 22 mm | | 0,00 | 0,00 | 90,13 | 103,65 |
| 25 mm | | 0,00 | 0,00 | 251,09 | 288,75 |
| 32 mm | | 0,00 | 0,00 | 251,09 | 288,75 |
| 40 mm | | 0,00 | 0,00 | 643,82 | 740,39 |
| 50 mm | | 0,00 | 0,00 | 1 005,96 | 1 156,85 |
| 75 mm | | 0,00 | 0,00 | 2 575,27 | 2 961,56 |
| 80 mm | | 0,00 | 0,00 | 2 575,27 | 2 961,56 |
| 100 mm | | 0,00 | 0,00 | 4 023,87 | 4 627,45 |
| 150 mm | | 0,00 | 0,00 | 9 053,71 | 10 411,77 |
| 200 mm | | 0,00 | 0,00 | 16 095,47 | 18 509,79 |
| 250 mm | | 0,00 | 0,00 | 25 116,99 | 28 884,54 |
| 300 mm en groter | | 0,00 | 0,00 | 25 116,99 | 28 884,54 |
| NIE-RESIDENSIËLE VOLUMETRIESE TARIEWE | | | | | |
| | | GESUBSIDIEER | | NIE-GESUBSIDIEER | |
| Kommersieel/industrieel/departementeel/divers/skole/opvoedkundige instellings/sportliggame/godsdienstige instellings** | Per kℓ | n.v.t. | n.v.t. | 39,56 | 45,50 |
| Huisvesting vir kwesbare persone/skuilings vir haweloses/tehuise vir bejaardes**** | Trap 1 (0 ≤0,75 kℓ) per persoon per kℓ | 0.00 | 0.00 | n.v.t. | n.v.t. |
| | Trap 2 (>0,75 kℓ) per persoon per kℓ | 32,67 | 37,57 | n.v.t. | n.v.t. |
| Liefdadigheidsorganisasies/openbarevoordeel-organisasies/ organisasies sonder winsoogmerk | Per kℓ | 32,67 | 37,57 | n.v.t. | n.v.t. |
| Divers: Ekstern | Per kℓ | n.v.t. | n.v.t. | 62,61 | 72.01 |
| Grootmaattarief - Eksterne gebruiker | Per kℓ | n.v.t. | n.v.t. | 8,09 | 9,30 |
| Grootmaattarief - Waternetwerke | Per kℓ | n.v.t. | n.v.t. | 8,09 | n.v.t. |
| NIE-RESIDENSIËLE VASTE BASIESE TARIEWE - van toepassing op kommersieel/industrieel/departementeel/ divers/skole/ opvoedkundige instellings/sportliggame ** | | | | | |
| 12mm | Per meter per maand | n.v.t. | n.v.t. | 160,93 | 185,07 |
| 15mm | | n.v.t. | n.v.t. | 160,93 | 185,07 |
| 20mm | | n.v.t. | n.v.t. | 286,45 | 329,42 |
| 22mm | | n.v.t. | n.v.t. | 286,45 | 329,42 |
| 25mm | | n.v.t. | n.v.t. | 447,37 | 514,48 |
| 32mm | | n.v.t. | n.v.t. | 447,37 | 514,48 |
| 40mm | | n.v.t. | n.v.t. | 1,142,58 | 1,313,96 |
| 50mm | | n.v.t. | n.v.t. | 1,786,28 | 2,054,22 |
| 75mm | | n.v.t. | n.v.t. | 4,023,16 | 4,626,63 |
| 80mm | | n.v.t. | n.v.t. | 4,586,40 | 5,274,36 |
| 100mm | | n.v.t. | n.v.t. | 7,145,12 | 8,216,89 |
| 150mm | | n.v.t. | n.v.t. | 16,092,62 | 18,506,52 |
| 200mm | | n.v.t. | n.v.t. | 28,609,47 | 32,900,89 |
| 250mm | | n.v.t. | n.v.t. | 28,609,47 | 32,900,89 |
| 300mm en groter | | n.v.t. | n.v.t. | 28,609,47 | 32,900,89 |

Notas:

* Trosontwikkelingseiendomme wat in die naam van 'n SHRA-geakkrediteerde instelling vir maatskaplike behuising geregistreer is en vir maatskaplike behuising gebruik word, betaal R0,00 op trap 1.

** Nie-huishoudelike gebruikerkategorieë: Raadpleeg hoofstuk 2, afdeling 2 van die tariefbeleid vir 'n omvattende verduideliking van gebruikerkategorieë.

*** 'n Vaste basiese tarief word nie vir die volgende tariefkategorieë gehef nie: huisvesting vir kwesbare persone, d.w.s. skuilings vir haweloses, tehuise vir bejaardes/liefdadigheidsorganisasies/organisasies sonder winsoogmerk/godsdienstige instellings/gebruikers van fonteinwater/gebruikers van behandelde uitvloeiwater/brandaansluitings.

**** Ooreenkomstig die aanvaarding van die beleid oor stedelike landbou is 'n gratis toekenning van 10 kℓ per maand uitsluitlik van toepassing op bestaansboerdery deur bepaalde kwesbare groepe.

Hier onder is die goedgekeurde sanitasietariewe op die (onbeperkte) waterslimvlak vir 2026/27 wat op 1 Julie 2026 in werking tree:

| 2026/27 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| VERBRUIKSTARIEWE | | | | | |
| | | TOTAAL SONDER BTW | TOTAAL MET BTW | TOTAAL SONDER BTW | TOTAAL MET BTW |
| RESIDENSIËLE VOLUMETRIESE TARIEWE - van toepassing op volledig huishoudelik sowel as huishoudelike groep | | | | | |
| | | DEERNIS/ AGTERPLAAS | | NIE-DEERNIS | |
| Trap 1 (0 ≤4,2 kℓ)* | Per kℓ | 0.00 | 0.00 | 15,90 | 18,28 |
| Trap 2 (>4,2 ≤7,35 kℓ) | Per kℓ | 0.00 | 0.00 | 21,84 | 25,11 |
| Trap 3 (>7,35 ≤24,5 kℓ) | Per kℓ | 0.00 | 0.00 | 36,68 | 42,18 |
| Trap 4 (>24,5 ≤35 kℓ) | Per kℓ | 0.00 | 0.00 | 64,27 | 73,91 |
| RESIDENSIËLE VASTE BASIESE TARIEWE - van toepassing op volledig huishoudelik sowel as huishoudelike groep | | | | | |
| 12 mm | Per eiendomswaarde per maand | 0.00 | 0.00 | 49,27 | 56,56 |
| 15 mm | | 0.00 | 0.00 | 49,27 | 56,56 |
| 20 mm | | 0.00 | 0.00 | 49,27 | 56,56 |
| 22 mm | | 0.00 | 0.00 | 49,27 | 56,56 |
| 25 mm | | 0.00 | 0.00 | 137,25 | 157,84 |
| 32 mm | | 0.00 | 0.00 | 137,25 | 157,84 |
| 40 mm | | 0.00 | 0.00 | 351,91 | 404,70 |
| 50 mm | | 0.00 | 0.00 | 549,86 | 632,34 |
| 75 mm | | 0.00 | 0.00 | 1 407,64 | 1 618,79 |
| 80 mm | | 0.00 | 0.00 | 1 407,64 | 1 618,79 |
| 100 mm | | 0.00 | 0.00 | 2 199,44 | 2 529,36 |
| 150 mm | | 0.00 | 0.00 | 4 948,76 | 5 691,07 |
| 200 mm | | 0.00 | 0.00 | 8 797,79 | 10 117,46 |
| 250 mm | | 0.00 | 0.00 | 13 728,95 | 15 788,29 |
| 300 mm en groter | | 0.00 | 0.00 | 13 728,95 | 15 788,29 |
| NIE-RESIDENSIËLE VOLUMETRIESE TARIEWE | | | | | |
| | | GESUBSIDIEER | | NIE-GESUBSIDIEER | |
| Kommersieel/industrieel/departementeel/divers/skole/opvoedkundige instellings/sportliggame/godsdienstige instellings** | Per kℓ | n.v.t. | n.v.t. | 29,57 | 34,01 |
| Huisvesting vir kwesbare persone/skuilings vir haweloses/tehuise vir bejaarde*** | Trap 1 (0 ≤0,525 kℓ) per persoon per kℓ | 0.00 | 0.00 | n.v.t. | n.v.t. |
| | Trap 2 (>0,525 kℓ) per persoon per kℓ | 23,88 | 27,46 | n.v.t. | n.v.t. |
| Liefdadigheidsorganisasies/openbarevoordeelorganisasies/organisasies sonder winsoogmerk | Per kℓ | 23,88 | 27,46 | n.v.t. | n.v.t. |

| NIE-RESIDENSIËLE VASTE BASIESE TARIEWE - van toepassing op kommersieel/industrieel/departementeel/ divers/skole/ opvoedkundige instellings/sportliggame *** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | TOTAAL SONDER BTW | TOTAAL MET BTW | TOTAAL SONDER BTW | TOTAAL MET BTW |
| 12mm | Per meter per maand | n.v.t. | n.v.t. | 115,67 | 133,03 |
| 15mm | | n.v.t. | n.v.t. | 115,67 | 133,03 |
| 20mm | | n.v.t. | n.v.t. | 205,90 | 236,79 |
| 22mm | | n.v.t. | n.v.t. | 205,90 | 236,79 |
| 25mm | | n.v.t. | n.v.t. | 321,57 | 369,81 |
| 32mm | | n.v.t. | n.v.t. | 321,57 | 369,81 |
| 40mm | | n.v.t. | n.v.t. | 821,29 | 944,48 |
| 50mm | | n.v.t. | n.v.t. | 1 283,98 | 1,476,58 |
| 75mm | | n.v.t. | n.v.t. | 2 891,85 | 3,325,63 |
| 80mm | | n.v.t. | n.v.t. | 3 296,71 | 3,791,22 |
| 100mm | | n.v.t. | n.v.t. | 5 135,93 | 5,906,32 |
| 150mm | | n.v.t. | n.v.t. | 11 567,42 | 13,302,53 |
| 200mm | | n.v.t. | n.v.t. | 20 564,56 | 23,649,24 |
| 250mm | | n.v.t. | n.v.t. | 20 564,56 | 23,649,24 |
| 300mm en groter | | n.v.t. | n.v.t. | 20 564,56 | 23,649,24 |

Notas:

* Trosontwikkelingseiendomme wat in die naam van 'n SHRA-geakkrediteerde instelling vir maatskaplike behuising geregistreer is en vir maatskaplike behuising gebruik word, betaal R0,00 op trap 1.

** Nie-huishoudelike gebruikerkategorieë: Raadpleeg hoofstuk 2, afdeling 3 van die tariefbeleid vir 'n omvattende verduideliking van gebruikerkategorieë en die toepaslike persentasie waterverbruik wat vir kosteheffing gebruik word.

*** 'n Vaste basiese tarief word nie vir die volgende kategorieë gehef nie: huisvesting vir kwesbare persone, d.w.s. skuilings vir haweloses, tehuise vir bejaardes/liefdadigheidsorganisasies/organisasies sonder winsoogmerk/godsdienstige instellings/gebruikers van fonteinwater en behandelde uitvloeiwater/brandaansluitings.

LET WEL: Die direkteur: kommersieel (direktoraat water en sanitasie) kan die persentasies na gelang van die verbruiker aanpas. Dít geld egter nie vir die kategorie volledig huishoudelik nie.

**Hooftrekke van wysigings vir water en sanitasie**

**Verbruikstariewe:**

- Ná die hooggeregshof se uitspraak oor die gebruik van eiendomswaardekategorieë om vaste basiese heffings toe te ken, moes 'n alternatiewe meganisme gevind word om kliënte die infrastruktuurkoste te laat deel. Die Stad keer dus terug na die vorige kriterium van nominale boring, wat met metergrootte verband hou. Soos met nie-huishoudelike eiendomme, sal dié kriterium van toepassing wees op vaste tariewe vir water sowel as sanitasie. Aangesien die vaste basiese heffings nou verlaag, is verbruikstariewe vir groot verbruikers hoër as in die begroting wat in Maart voorgelê is.

**Diverse tariewe:**

- Regstelling van tarief onder item 9.7.2.13 met betrekking tot die installering van 'n verbindingspyp, wat verkeerdelik dieselfde was as die tarief onder item 9.7.2.15. Hierdie fout is nou reggestel met die oog op 2026/27.

**Ander:**

- Verdere insluiting van definisie en impak van gevorderde meterinfrastruktuur by die tariefbeleid.

### 2.2 ELEKTRISITEIT

Die tariewe hier onder berus op 'n gemiddelde styging van 5,83%, wat op 1 Julie 2026 in werking tree.

Die afkorting "GEREG." verwys na die gereguleerde gedeelte van die tarief (wat deur die Raad en die nasionale energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA) goedgekeur word), en "ONGEREG." na die ongereguleerde gedeelte (wat slegs deur die Raad goedgekeur word). Die tarief in die totaalkolomme is wat op die kliënt se rekening sal verskyn.

| 2026/27 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | GEREG. SONDER BTW | ONGEREG. SONDER BTW | TOTAAL SONDER BTW | TOTAAL MET BTW |
| RESIDENSIËLE TARIEWE | | | | | | | |
| Hulptarief ("LifeLine") (SLEGS vir kliënte wat aan die vereistes voldoen) | Blok 1 | 0-600kWh | c/kWh | 234,67 | 11,45 | 246,12 | 283,04 |
| | Blok 2 | 600.1+kWh | c/kWh | 234,67 | 11,45 | 246,12 | 283,04 |
| Huishoudelik | Diens-heffing | Krediet-meters | R/maand | 65,02 | 0,00 | 65,02 | 74,77 |
| | Diens-heffing | Koopkrag-meters | R/dag | 2,14 | 0,00 | 2,14 | 2,46 |
| | Blok 1 | 0-600kWh | c/kWh | 348,37 | 11,45 | 359,82 | 413,79 |
| | Blok 2 | 600.1+kWh | c/kWh | 418,03 | 11,45 | 429,48 | 493,90 |
| Tuisgebruiker | Diens-heffing | | R/maand | 368,96 | 0,00 | 368,96 | 424,30 |
| | Blok 1 | 0-600kWh | c/kWh | 298,07 | 11,45 | 309,52 | 355,95 |
| | Blok 2 | 600.1+kWh | c/kWh | 396,43 | 11,45 | 407,88 | 469,06 |
| Residensieel, tydspesifiek | Admin | | R/maand | 344,49 | 0,0 | 344,49 | 396,16 |
| | Vermoë | | R/maand | 250,85 | 0,00 | 250,85 | 288,48 |
| | Energie | Hoog – spits | c/kWh | 769,62 | 11,45 | 781,07 | 898,23 |
| | | Hoog – standaard | c/kWh | 309,67 | 11,45 | 321,12 | 369,29 |
| | | Hoog – buite spits | c/kWh | 250,24 | 11,45 | 261,69 | 300,94 |
| | | Laag – spits | c/kWh | 352,50 | 11,45 | 363,95 | 418,54 |
| | | Laag – standaard | c/kWh | 297,77 | 11,45 | 309,22 | 355,60 |
| | | Laag – buite spits | c/kWh | 250,24 | 11,45 | 261,69 | 300,94 |
| KOMMERSIËLE TARIEWE | | | | | | | |
| Klein krag-verbruiker 1 | Diens | Krediet-meters | R/maand | 4 204,18 | 0,00 | 4 204,18 | 4 834,81 |
| | | Koopkrag-meters | R/dag | 138,22 | 0,00 | 138,22 | 158,95 |
| | Energie | | c/kWh | 257,00 | 37,06 | 294,06 | 338,17 |
| Klein krag-verbruiker 2 | Diens | Krediet-meters | R/ maand | 306,86 | 0,00 | 306,86 | 352,89 |
| | | Koopkrag-meters | R/dag | 10,09 | 0,00 | 10,09 | 11,60 |
| | Energie | | c/kWh | 556,79 | 11,45 | 568,24 | 653,48 |
| Klein krag-verbruiker 3 | Energie | | c/kWh | 679,53 | 11,45 | 690,98 | 794,63 |
| Groot krag-verbruiker, lae spanning (tydspesifiek) | Diens | | R/maand | 2 519,88 | 0,00 | 2 519,88 | 2 897,86 |
| | Energie | Hoog – spits | c/kWh | 742,64 | 37,06 | 779,70 | 896,66 |
| | | Hoog – standaard | c/kWh | 207,86 | 37,06 | 244,92 | 281,66 |
| | | Hoog – buite spits | c/kWh | 148,43 | 37,06 | 185,49 | 213,31 |
| | | Laag – spits | c/kWh | 325,52 | 37,06 | 362,58 | 416,97 |
| | | Laag – standaard | c/kWh | 195,96 | 37,06 | 233,02 | 267,97 |
| | | Laag – buite spits | c/kWh | 148,43 | 37,06 | 185,49 | 213,31 |
| | Vraag | | R/kVA | 254,76 | 0,0 | 254,76 | 292,97 |
| | Netwerk-vermoë-heffing | Per kVA NMD | R/kVA | 39,00 | 0,00 | 39,00 | 44,85 |
| Groot krag-verbruiker, medium-spanning (tydspesifiek) | Diens | | R/maand | 2 610,22 | 0,00 | 2 610,22 | 3 001,75 |
| | Energie | Hoog – spits | c/kWh | 718,68 | 37,06 | 755,74 | 869,10 |
| | | Hoog – standaard | c/kWh | 201,16 | 37,06 | 238,22 | 273,95 |
| | | Hoog – buite spits | c/kWh | 143,64 | 37,06 | 180,70 | 207,81 |
| | | Laag – spits | c/kWh | 315,02 | 37,06 | 352,08 | 404,89 |
| | | Laag – standaard | c/kWh | 189,64 | 37,06 | 226,70 | 260,71 |
| | | Laag – buite spits | c/kWh | 143,64 | 37,06 | 180,70 | 207,81 |
| | Vraag | | R/kVA | 82,38 | 0,00 | 82,38 | 94,74 |
| | Netwerk-vermoë-heffing | Per kVA NMD | R/kVA | 19,15 | 0,00 | 19,15 | 22,02 |
| Groot krag-verbruiker, hoë spanning (Tydspesifiek) | Diens | | R/maand | 2 610,22 | 0,00 | 2 610,22 | 3 001,75 |
| | Energie | Hoog – spits | c/kWh | 692,41 | 37,06 | 729,47 | 838,89 |
| | | Hoog – standaard | c/kWh | 193,80 | 37,06 | 230,86 | 265,49 |
| | | Hoog – buite spits | c/kWh | 138,39 | 37,06 | 175,45 | 201,77 |
| | | Laag – spits | c/kWh | 303,50 | 37,06 | 340,56 | 391,64 |
| | | Laag – standaard | c/kWh | 182,70 | 37,06 | 219,76 | 252,72 |
| | | Laag – buite spits | c/kWh | 138,39 | 37,06 | 175,45 | 201,77 |
| | Vraag | | R/kVA | 78,67 | 0,00 | 78,67 | 90,47 |
| | Netwerk-vermoë-heffing | Per kVA NMD | R/kVA | 18,28 | 0,00 | 18,28 | 21,02 |

| | | | | GEREG. SONDER BTW | ONGEREG. SONDER BTW | TOTAAL SONDER BTW | TOTAAL MET BTW |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| DEURVOERTARIEWE | | | | | | | |
| Deurvoer vir kliënte met 'n energietekort (alle spannings) | Diens | | R/maand | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,00 |
| | Energie | Hoog – spits | c/kWh | 597,44 | 0,00 | 597,44 | 687,06 |
| | | Hoog – standaard | c/kWh | 149,35 | 0,00 | 149,35 | 171,75 |
| | | Hoog – buite spits | c/kWh | 99,58 | 0,00 | 99,58 | 114,52 |
| | | Laag – spits | c/kWh | 247,93 | 0,00 | 247,93 | 285,12 |
| | | Laag – standaard | c/kWh | 139,40 | 0,00 | 139,40 | 160,31 |
| | | Laag – buite spits | c/kWh | 99,58 | 0,00 | 99,58 | 114,52 |
| | Vraag | | R/kVA | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,00 |
| | Netwerk-vermoë-heffing | Per kVA NMD of maksimum uit voervermoë (MEC) | R/kVA | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,00 |
| Deurvoer-stelselgebruik, medium spanning | Diens | | R/maand | 5 220,44 | 0,00 | 5 220,44 | 6 003,51 |
| | Energie | Hoog – spits | c/kWh | 121,24 | 37,06 | 158,30 | 182,05 |
| | | Hoog – standaard | c/kWh | 51,81 | 37,06 | 88,87 | 102,20 |
| | | Hoog – buite spits | c/kWh | 44,06 | 37,06 | 81,12 | 93,29 |
| | | Laag – spits | c/kWh | 67,09 | 37,06 | 104,15 | 119,77 |
| | | Laag – standaard | c/kWh | 50,24 | 37,06 | 87,30 | 100,40 |
| | | Laag – buite spits | c/kWh | 44,06 | 37,06 | 81,12 | 93,29 |
| | Vraag | | R/kVA | 82,38 | 0,00 | 82,38 | 94,74 |
| | Netwerk-vermoë-heffing | Per kVA NMD or MEC | R/kVA | 19,15 | 0,00 | 19,15 | 22,02 |
| Deurvoer-stelselgebruik, hoë spanning | Diens | | R/maand | 5 220,44 | 0,00 | 5 220,44 | 6 003,51 |
| | Energie | Hoog – spits | c/kWh | 94,97 | 37,06 | 132,03 | 151,83 |
| | | Hoog – standaard | c/kWh | 44,45 | 37,06 | 81,51 | 93,74 |
| | | Hoog – buite spits | c/kWh | 38,81 | 37,06 | 75,87 | 87,25 |
| | | Laag – spits | c/kWh | 55,57 | 37,06 | 92,63 | 106,52 |
| | | Laag – standaard | c/kWh | 43,30 | 37,06 | 80,36 | 92,41 |
| | | Laag – buite spits | c/kWh | 38,81 | 37,06 | 75,87 | 87,25 |
| | Vraag | | R/kVA | 78,67 | 0,00 | 78,67 | 90,47 |
| | Netwerk-vermoë-heffing | Per kVA NMD or MEC | R/kVA | 18,28 | 0,00 | 18,28 | 21,02 |
| Deurvoer vir kliënte met 'n energiesurplus | Energie | Hoog – spits | c/kWh | 538,04 | 0,00 | 538,04 | 618,75 |
| | | Hoog – standaard | c/kWh | 113,71 | 0,00 | 113,71 | 130,77 |
| | | Hoog – buite spits | c/kWh | 66,58 | 0,00 | 66,58 | 76,57 |
| | | Laag – spits | c/kWh | 207,06 | 0,00 | 207,06 | 238,12 |
| | | Laag – standaard | c/kWh | 104,29 | 0,00 | 104,29 | 119,93 |
| | | Laag – buite spits | c/kWh | 66,58 | 0,00 | 66,58 | 76,57 |
| OPWEKKINGSTARIEWE | | | | | | | |
| Residensiële kleinskaalse gekoppelde opwekking (SSEG) | Invoer-tarief | | c/kWh | 107,98 | 0,00 | 107,98 | 124,18 |
| Nie-residensiële SSEG | Invoer-tarief 1 | Groen voordele word na die Stad oorgedra | c/kWh | 96,18 | 0,00 | 96,18 | 110,61 |
| | Invoer-tarief 2 | Kliënt behou groen voordele | c/kWh | 68,46 | 0,00 | 68,46 | 78,73 |
| Tydspesifieke SSEG-invoer (uitsluitlik vir tydspesifieke voorsiening) | | Hoog – spits | c/kWh | 625,73 | 0,00 | 625,73 | 719,59 |
| | | Hoog – standaard | c/kWh | 135,65 | 0,00 | 135,65 | 156,00 |
| | | Hoog – buite spits | c/kWh | 91,18 | 0,00 | 91,18 | 104,86 |
| | | Laag – spits | c/kWh | 243,47 | 0,00 | 243,47 | 279,99 |
| | | Laag – standaard | c/kWh | 124,74 | 0,00 | 124,74 | 143,45 |
| | | Laag – buite spits | c/kWh | 81,18 | 0,00 | 81,18 | 93,36 |
| SSEG-aan-sporing | | Alle energie | c/kWh | 25,00 | 0,00 | 25,00 | 28,75 |
| Opwekker-tarief | Diens | | R/maand | 2 610,22 | 0,00 | 2 610,22 | 3 001,75 |
| | R/kVA MEC | | R/kVA | 19,15 | 0,00 | 19,15 | 22,02 |
| VERLIGTINGSTARIEWE | | | | | | | |
| Straat- en verkeersligte | R/100 W/uur aan | | | 0,3920 | 0,0000 | 0,3920 | 0,4508 |

**Hooftrekke van wysigings**

- Residensiële kliënte met 'n koopkragmeter en 'n munisipale eiendomswaardasie van R500 000 of minder kom in aanmerking vir die hulptarief.
- Residensiële kliënte met 'n koopkragmeter en 'n munisipale eiendomswaardasie van meer as R500 000, maar minder as R1 miljoen, kom in aanmerking vir die huishoudelike tarief.
- Alle ander residensiële kliënte sal die tuisgebruikertarief betaal, tensy hulle voldoen aan die bykomende kriteria ingevolge die tariefbeleid om die hulptarief te ontvang, of kies om teen die residensiële tydspesifieke tarief van elektrisiteit voorsien te word.
- Kliënte wat teen die residensiële tydspesifieke tarief van elektrisiteit voorsien wil word, moet 'n gevorderde (AMI-) kragmeter op hulle eie onkoste laat installeer indien hulle nie reeds een het nie.
- Daar is geen verandering in die toekenning van gratis basiese elektrisiteit nie, buiten vir kliënte wat dit sal verbeur wanneer hulle na die huishoudelike of tuisgebruikertarief oorskuif.
- 'n Aansporingsbetaling word by alle SSEG-invoertariewe ingesluit en sal vir dié tydperk op alle SSEG-kliënte van toepassing wees.
- Die ongereguleerde tarief bestaan uit 11,45c/kWh om straatligte te finansier en 25,61c/kWh as 'n bydrae tot eiendomsbelasting, soos toepaslik.
- Die tarief vir tydspesifieke SSEG-invoer word steeds uitgestel totdat die nodige ondersteuningstelsels gereed en suksesvol getoets is. Let daarop dat slegs kliënte wat teen 'n tydspesifieke tarief van elektrisiteit voorsien word, vir toegang tot dié tarief in aanmerking kom.
- Die Stad beplan om kontrakte met SSEG- en deurvoer-elektrisiteitskliënte aan te gaan om hulle surplusenergie by hulle te koop. Hierdie kontrakte sal finansiële verpligtinge vir die Stad meebring wat langer sal duur as die drie (3) boekjare waarvoor die MTREF 2026/27 voorsiening maak. Die Stad Kaapstad se ooreenkoms vir surpluselektrisiteit wat met die voorgestelde kliënte aangegaan sal word, sal in 'n latere stadium geadverteer word.
- Let daarop dat alle vaste heffings nou ooreenkomstig klousule 4.1.7 van die beleid oor elektrisiteitstariewe gekwoteer word.
- Die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika het die Stad se voorgestelde gereguleerde tariewe hier bo op 11 Mei 2026 goedgekeur.

### 2.3. STEDELIKEAFVALBESTUUR

'n Gemiddelde verhoging van 3,75% word toegepas op die verbruikstariewe vir vullisverwydering, en 4,17% vir vulliswegdoening. Alle tariewe met betrekking tot sluithouers styg met 'n bykomende R25 benewens die verhoging van 3,75%.

| 2026/27 | | | |
|---|---|---|---|
| STEDELIKEAFVALBESTUUR | | SONDER BTW | MET BTW |
| RESIDENSIËLE VULLISVERWYDERING | | | |
| FORMEEL | | | |
| 240 ℓ-vullishouer, wat sluithouer insluit | Rand per maand | 185,22 | 213,00 |
| DEERNISKORTING – 240 ℓ-VULLISHOUER | | | |
| Blok 1 (100% korting) – eiendomswaarde van R1 tot R580 000 | Korting in rand per maand | -185,22 | -213,00 |
| Blok 2 (50% korting) – eiendomswaarde van R580 001 tot R640 000 | Korting in rand per maand | -92,52 | -106,40 |
| Blok 3 (25% korting) – eiendomswaarde van R640 001 tot R830 000 | Korting in rand per maand | -46,26 | -53,20 |
| UITGEBREIDE DIENS | | | |
| 240 ℓ - bykomende houer | Rand per houer per maand | 185,22 | 213,00 |
| 240 ℓ - drie keer per week vir groep | Rand per houer per maand | 580,52 | 667,60 |
| 240 ℓ - vyf keer per week vir groep | Rand per houer per maand | 951,30 | 1 094,00 |
| INFORMEEL | | | |
| Basiese vullissakdiens | Rand per houer per maand | Gratis | Gratis |
| NIE-RESIDENSIËLE VULLISVERWYDERING | | | |
| 240 ℓ-VULLISHOUER | | | |
| 1 verwydering per week | Rand per houer per maand | 221,30 | 254,50 |
| 3 verwyderings per week | Rand per houer per maand | 663,48 | 763,00 |
| 5 verwyderings per week | Rand per houer per maand | 1 106,17 | 1 272,10 |
| VULLISBESKIKBAARHEID | | | |
| Alle onbeboude erwe | Rand per houer per maand | 109,74 | 126,20 |
| WEGDOENINGSDIENSTE | | | |
| Algemene afval | Rand per ton | 758,35 | 872,10 |
| Spesiale afval | Rand per ton of gedeelte daarvan | 1 004,96 | 1 155,70 |
| Bourommel | Rand per ton | 31,30 | 36,00 |

**Hooftrekke van wysigings**

**Tariefbeleidswysigings**

**Hoofstuk 1: Algemene tariefbeleid, item 7.4:**

- Onder die opskrif "Afvaldienste/vullis" – glyskaal van toepassing op alle eiendomme waarvan die erf en verbeteringe altesaam gewaardeer is op R1 tot R830 000 (wat skuilings vir haweloses uitsluit)

**Hoofstuk 4: Tariefbeleid vir stedelikeafvalbestuur:**

- **Item 7.1.2.2 - Vullisverwydering: formele huishoudings (wat deeltitelskemas uitsluit) – ontvang die onderstaande kortings op vullisverwydering op grond van eiendomswaarde:**
  - Item 7.1.2.2.1 - Eiendomme gewaardeer op R1 tot R580 000 ontvang 'n 100% korting, met uitsluiting van behuisingseiendomme wat op R0 gewaardeer is, wat steeds 'n 100% korting sal ontvang.
  - Item 7.1.2.2.2 - Eiendomme gewaardeer op R580 001 tot R640 000 ontvang 'n 50% korting.
  - Item 7.1.2.2.3 - Eiendomme gewaardeer op R640 001 tot R830 000 ontvang 'n 25% korting.

## 3. DIVERSE TARIEWE, FOOIE EN HEFFINGS

3.1 'n Volledige afskrif van alle diverse tariewe, fooie en heffings lê ter insae by die bogenoemde munisipale kantore (sien bylae 6 by goedgekeurde begroting).

3.2 Alle diverse tariewe, fooie en heffings sluit BTW in, buiten boetes, terugbetaalbare deposito's, oordrag van huiseienaarskap, huurbestuur en gekontrakteerde openbare padvervoer, wat van BTW vrygestel is.

3.3 Die koste van nooddienste- en rampbestuursvereistes word bereken ingevolge artikel 74(2)(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, en die regulasies oor hoëgevaarinstallasies, 2022, wat kragtens die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, Wet 85 van 1993, uitgevaardig is, en is betaalbaar deur die volgende maatskappye ooreenkomstig met die tariewe in die goedgekeurde tariefboek vir 2026/27:

- Eskom Holdings SOC Bpk. ten opsigte van die Koebergkernkragstasie. Die Koebergkernnoodgereedheidstarief is herbereken as 'n kosteweerspieëlende tarief, soos wat die wetgewing oor plaaslike regering vereis én die memorandum van verstandhouding tussen die Stad en Koebergkernkragstasie bepaal.
- Astron Energy (Edms.) Bpk. ten opsigte van die raffinadery
- Rheinmetall Denel Munition (Edms.) Bpk.
- Fine Chemicals
- BP Kaapstad-terminus

3.4 Wat betref werksaamhede by enige van die ander hoëgevaarinstallasies wat nié onder 3.3 genoem word nie, is 'n tussentydse verhaaltarief vir die geskatte koste van jaarlikse noodgereedheidsbystand vir die boekjaar 2026/27 op R5 000 (sonder BTW) vasgestel en in die goedgekeurde tariefboek vir 2026/27 opgeneem.

## 4. STADSVERBETERINGSDISTRIKTE: BYKOMENDE HEFFINGS

Die bykomende heffings vir 2026/27, uitgedruk as 'n koers in die rand en gegrond op die totale eiendomswaardasie per stadsverbeteringsdistrik.

Bykomende heffings vir stadsverbeteringsdistrikte word teen 15% BTW belas. Bykomende heffings word hier onder as 'n koers in die rand weergegee.

| 2026/27 | | | |
|---|---|---|---|
| **STADS-VERBETERINGS-DISTRIK** | **GOEDGEKEURDE BEGROTING (R)** | **GOEDGEKEURDE RESIDENSIËLE BYKOMENDE HEFFING (R)** | **GOEDGEKEURDE NIE-RESIDENSIËLE BYKOMENDE HEFFING (R)** |
| Lughawe-industria | 7 244 995 | n.v.t. | 0,002217 |
| Beaconvale | 5 621 335 | n.v.t. | 0,002948 |
| Blackheath | 4 929 955 | n.v.t. | 0,001428 |
| Boston | 5 709 420 | 0,001179 | 0,001873 |
| Brackenfell | 4 942 229 | n.v.t. | 0,002997 |
| Kampsbaai | 31 217 156 | 0,000785 | 0,001452 |
| Kaapstad-middestad | 132 176 444 | 0,001576 | 0,003461 |
| Claremont | 16 010 676 | 0,000790 | 0,001901 |
| Clare Park | 658 456 | 0,000569 | 0,001170 |
| Clifton | 11 521 807 | 0,000962 | 0,001590 |
| Eastlake Island | 638 000 | 0,001264 | n.v.t. |
| Elsiesrivier | 4 750 996 | n.v.t. | 0,004124 |
| Epping | 17 041 928 | n.v.t. | 0,001563 |
| Vishoek | 2 105 453 | 0,000856 | 0,002519 |
| Glosderry | 2 835 037 | 0,000376 | 0,002887 >50% = 0,000576 |
| Groenpunt | 17 495 016 | 0,000866 | 0,002251 |
| Groote Schuur | 11 800 987 | n.v.t. | 0,002146 |
| Kalkbaai en St James | 3 426 453 | 0,000529 | 0,001566 |
| Little Mowbray/Rosebank | 3 335 649 | 0,000827 | 0,002146 |
| Llandudno | 5 800 444 | 0,000892 | 0,001061 |
| Onder-Tuine | 10 503 563 | 0,001339 | 0,002854 |
| Onder-Kenilworth | 1 904 675 | 0,000842 | 0,001329 |
| Maitland | 5 826 965 | n.v.t. | 0,002851 |
| Marina-Suid | 600 000 | 0,001164 | 0,001390 |
| Mitchells Plain-middedorp | 2 911 100 | 0,000903 | 0,003524 |
| Montague Gardens-Marconi Beam | 10 848 397 | n.v.t. | 0,001151 |
| Mount Rhodes | 873 504 | 0,001440 | 0,001953 |
| Muizenberg | 4 262 360 | 0,001175 | 0,003380 |
| Nuweland | 7 753 568 | 0,000577 | 0,001390 |
| Northpine | 3 626 727 | 0,001297 | 0,002669 |
| Oakwood \| Hughenden \| Meadows | 1 605 329 | 0,002096 | 0,003016 |
| Observatory | 13 103 103 | 0,001114 | 0,003245 |
| Oranjekloof | 11 541 763 | 0,000804 | 0,002219 |
| Overkloof | 635 041 | 0,001392 | 0,001392 |
| Paardeneiland | 7 418 525 | 0,000600 | 0,001168 |
| Park Island | 802 300 | 0,001143 | 0,002179 |
| Parow-Oos-industria | 2 293 825 | n.v.t. | 0,003071 |
| Parow-industria | 8 405 778 | n.v.t. | 0,001908 |
| Penzance Estate | 1 752 760 | 0,001575 | 0,003684 |
| Pinelands | 12 464 708 | 0,000664 | 0,001332 |
| Soutrivier | 6 449 658 | n.v.t. | 0,002350 |
| Scott Estate & Baviaanskloof | 3 967 535 | 0,001090 | 0,001876 |
| Seepunt | 11 270 784 | 0,000871 | 0,001903 |
| Seinheuwel * | 3 751 237 | 0,001155 | 0,001573 |
| Simonskloof | 439 488 | 0,000496 | 0,000674 |
| Somerset-Wes | 5 121 235 | n.v.t. | 0,003619 |
| Stikland-industria | 7 402 475 | n.v.t. | 0,002195 |
| Strand | 2 199 508 | n.v.t. | 0,003402 |
| Triangle-industria | 3 641 610 | n.v.t. | 0,003524 |
| Tygervallei | 5 687 644 | n.v.t. | 0,002700 |
| Bo-Kenilworth | 4 971 238 | 0,000815 | 0,001877 |
| Voortrekkerwegkorridor | 35 281 424 | n.v.t. | 0,003563 |
| Vredekloof | 4 625 670 | 0,001641 | 0,002650 |
| Welgemoed | 4 552 741 | 0,000689 | 0,001207 |
| Woodstock | 9 419 072 | n.v.t. | 0,001695 |
| Wynberg | 11 177 991 | 0,001649 | 0,004057 |
| Zeekoevlei-skiereiland | 720 674 | 0,001779 | 0,002598 |
| Zwaanswyk | 1 990 566 | 0,000827 | 0,000883 |

Let wel: Bykomende heffings word sonder BTW aangedui. Heffings met BTW is beskikbaar in die Stad se boek van tariewe, fooie en heffings.

* Onderworpe aan die Raad se goedkeuring vir die instelling van die stadsverbeteringsdistrik met ingang van 1 Julie 2026 .

## 5. GEKONTRAKTEERDE OPENBARE PADVERVOERDIENSTE, WAT MyCiTi- GEÏNTEGREERDE SNELVERVOER (GSV) INSLUIT

Tariewe vir openbare vervoer is vrygestel van BTW. Hierdie tariewe is in pas met die bygewerkte tariefbeleid vir gekontrakteerde openbare padvervoerdienste.

Soos wat die beleid vereis, strook algehele stygings met die geskatte stygings in voertuigoperateurskoste soos volgens die tersaaklike kontrakte.

LW: Inligting wat hier voorsien word, is 'n uittreksel uit die boek van tariewe, fooie en heffings. Vir die volledige weergawe, raadpleeg bylae 6 van die goedgekeurde begroting vir 2026/27.

| 2026/27 | | |
|---|---|---|
| **DIENSTE GELEWER EN VERBANDHOUDENDE VERVOERPRODUKTE** | **EENHEID** | **R** |
| **1. MOVER-REISPAKKETTE** | | |
| Minimum pakket: R20. Maksimum pakket: R600. | | |
| **2. GSV-TARIEWE MET MOVER-PAKKET** | | |
| **a. RITTE IN SPANDEER-/SPITSTYD (06:45 tot 08:00 en 16:15 tot 17:30 op enige weeksdag), een rigting** | | |
| Ritte korter as 5 km | Per persoon per rit | 14,00 |
| Ritte van 5 km of verder, maar korter as 10 km | Per persoon per rit | 19,00 |
| Ritte van 10 km of verder, maar korter as 20 km | Per persoon per rit | 24,50 |
| Ritte van 20 km of verder, maar korter as 30 km | Per persoon per rit | 26,50 |
| Ritte van 30 km of verder, maar korter as 40 km | Per persoon per rit | 28,00 |
| Ritte van 40 km of verder, maar korter as 50 km | Per persoon per rit | 32,00 |
| Ritte van 50 km of verder, maar korter as 60 km | Per persoon per rit | 37,50 |
| Ritte van 60 km of verder | Per persoon per rit | 41,00 |
| Premie op lughawediens in spitstyd (benewens afstandgebaseerde tarief) | Per persoon per rit | 0 |
| **b. RITTE IN SPAARTYD (alle tye buiten die spandeer-/spitstye hier bo)** | | |
| Ritte korter as 5 km | Per persoon per rit | 11,00 |
| Ritte van 5 km of verder, maar korter as 10 km | Per persoon per rit | 14,50 |
| Ritte van 10 km of verder, maar korter as 20 km | Per persoon per rit | 19,00 |
| Ritte van 20 km of verder, maar korter as 30 km | Per persoon per rit | 22,00 |
| Ritte van 30 km of verder, maar korter as 40 km | Per persoon per rit | 23,50 |
| Ritte van 40 km of verder, maar korter as 50 km | Per persoon per rit | 29,50 |
| Ritte van 50 km of verder, maar korter as 60 km | Per persoon per rit | 32,50 |
| Ritte van 60 km of verder | Per persoon per rit | 34,50 |
| Premie op lughawediens | Per persoon per rit | 0 |
| **c) Let wel: (i) DIE STANDAARDTARIEF (in plaas van die Mover-tarief) kan vir krediet- of debietkaartbetalings gehef word sodra sodanige betalings moontlik is. Die Mover-tarief hier bo is gemiddeld sowat 5% laer as die standaardtarief. (ii) Alle tariewe is onderworpe aan bepalings en voorwaardes. (iii) Dít sluit in dat tariewe gedurende die jaar gewysig sal word indien die vasgestelde drempels met betrekking tot die prys van laeswaweldiesel bereik word.** | | |
| **3. VERVOERPRODUKTE** | | |
| Stelselwyd maandeliks (wat lughaweritte insluit) | Per maand | 1 000,00 |
| Een-, drie-, vyf- en sewedagkaartjies wat vir onbeperkte ritte op alle roetes gebruik kan word (wat lughaweritte insluit) | 1 dag | 94,00 |
| | 3 dag | 218,00 |
| | 5 dag | 270,00 |
| | 7 dag | 312,00 |
| **4. KNAPKAART-UITREIKFOOI** | | |
| Kaarte kan vir beperkte tye gratis uitgereik word, beperk tot een kaart per persoon, onderworpe aan bepalings en voorwaardes. | | |
| Fooi om myconnect-knapkaart uit te reik | Per knapkaart | 40,00 |
| Fooi om myconnect-knapkaart by verstryking te vervang | Per knapkaart wat vervang word | 30,00 |

Om die Stad bykomende buigsaamheid te bied om op voortgesette of volgehoue stygings in die brandstofprys te reageer, word daar bykomende sewe tariefvlakke (tariefvlak 8 tot 14) ingestel. Hierdie voorstel sorg dat daar 'n gepaste meganisme bestaan indien die brandstofprys hoog bly. Die veranderinge is van toepassing op die tariefstelsel van sowel die MyCiTi- as die Dial-a-Ride-diens. Die uitgebreide tariefvlakstruktuur (tariefvlak 8 tot 14) tesame met die toepaslike brandstofprysdrempels en geskatte tariefaanpassings word hier onder uiteengesit:

| **TARIEFVLAKKE** | **DREMPEL (VERANDERING IN BRANDSTOFPRYS)** | **DREMPEL: PRYS VAN 50 PPM DIESEL** | **% VERANDERING PER TARIEFVLAK** |
|---|---|---|---|
| Tariefvlak 8 | 49% | R31,79 | 32% |
| Tariefvlak 9 | 56% | R33,28 | 37% |
| Tariefvlak 10 | 63% | R34,78 | 41% |
| Tariefvlak 11 | 70% | R36,27 | 46% |
| Tariefvlak 12 | 77% | R37,76 | 50% |
| Tariefvlak 13 | 84% | R39,26 | 55% |
| Tariefvlak 14 | 91% | R40,75 | 59% |

Let wel: Die tariewe is onderworpe aan die bepalings en voorwaardes wat in die goedgekeurde begroting vir 2026/27 uiteengesit word.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA128/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD